

14. Die volk keer na Kanaän terug

Esra 1 - 10 en Nehemia 1 - 13

God is getrou

God se belofte dat die volk sal terugkeer gaan in vervulling, maar net 'n gedeelte keer terug soos die profete geprofeteer het. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- God se beloftes gaan in vervulling.
- Die Here gebruik ook heidene om sy wil uit te voer.
- Die gelowige ontvang die opdrag om te bid én te werk.

Koning Kores

Die 70 jaar van ballingskap is verby. Die oorgrote meerderheid Jode voel heeltemal tuis in Babel en verlang nie meer terug na Juda nie. Koning Kores, die Pers, regeer in 539 v.C. as koning in Babel. Die Here dink aan sy volk en beskik dit so dat koning Kores aan al die Jode wat wil, toestemming verleen om na Jerusalem terug te keer. Daardeur gaan die profesie van Jeremia in vervulling.⁷⁶

Koning Kores laat dit toe aangesien hy bang is Egipte val Persië onverwags aan. Tussen Egipte en Babel woon niemand nie en die Israëliete wat Jerusalem wil herbou, sal 'n handige buffer teen die Egiptenaars vorm. Verder gee Kores opdrag dat die Jode wat verkies om agter te bly, 'n bydrae vir die opbou van die tempel in Jerusalem, moet gee.

Onder leiding van Serubbabel vertrek die eerste groep van meer as 42 000 Jode na Jerusalem. Hy is 'n afstammeling van koning Jojagim wat in die laaste dae voor die ballingskap in Juda regeer het. Dit beteken dat hy ook 'n afstammeling van koning Dawid is. Nog steeds hou God sy belofte aan

76 2 Kron. 36: 20 en 21 En die wat van die swaard oorgebly het, het hy na Babel in ballingskap weggevoer, en hulle het vir hom en sy seuns slawe geword, totdat die koninkryk van Persië tot heerskappy gekom het, sodat die woord van die HERE deur die mond van Jeremia vervul sou word: totdat die land vir sy sabbatte vergoeding gekry het; al die dae van die verwoesting het dit gerus om sewentig jaar vol te maak.

Dawid, naamlik dat Hy nooit sy huis sal uitroei nie.⁷⁷ Koning Kores stel Serubbabel as goewerneur oor Jerusalem aan en beveel hom om rekenskap aan die Persiese goewerneur te gee. Kores gee ook aan Serubbabel die tempelskatte wat Nebukadnesar na Babel weggevoer het, om dit na die tempel terug te neem. So gebruik die Here selfs heidene soos Kores om sy wil uit te voer.

Die fondament van die tempel word gelê

Die ballinge wat terugkeer, gaan woon oral in Juda. Jesua en Serubbabel neem die voortou en herbou eers 'n altaar op die heuwel waar die tempel voorheen was, sodat hulle daagliks daar kan offer. Hulle stel al die godsdienstige feeste van vroeër weer in en 'n jaar ná hulle terugkoms, begin hulle die tempel herbou. Hulle gaan 'n ooreenkoms met Tirus en Sidon aan om boumateriale en werksmense te verskaf. Hulle onderneem om daarvoor te betaal met die oeste wat hulle sal insamel.

Nadat die fondament gelê is, wy die Jode dit plegtig in. Baie van die oumense kan nog die pragtige tempel van Salomo onthou en raak treurig as hulle daaraan terugdink. Die Samaritane dring daarop aan om met die bou van die tempel te help. Hulle sê dat hulle God dien van die tyd dat die Assiriese koning hulle gestuur het om in Juda te woon. Dit is natuurlik nie heeltemal waar nie, want hulle dien ook afgode.

Toe die Jode hul hulp van die hand wys, is die Samaritane baie ongelukkig. Hulle doen daarom alles in hul vermoë om die bouwerk te vertraag. Hulle koop hoë Persiese amptenare om, om die bou van die tempel stop te sit. Gevolglik moet die Jode die werk 'n tyd lank staak.

Die profete Haggai en Sagaria

Die Here stuur die twee profete Haggai en Sagaria om die volk aan te moedig om die werk aan die tempel te voltooi. Die volk begin om vir hulself huise te bou en laat die werk aan die tempel agterweë. Haggai roep die volk op om hulle te bekeer van hulle selfsug, anders sal God hulle straf deur die land onvrugbaar te maak. Haggai verseker hulle dat hierdie tempel wat nou vir hulle na niks lyk nie, die tempel van Salomo in heerlijkheid sal oortref. Die

⁷⁷ 1 Kon. 9: 5 dan sal Ek die troon van jou koningskap oor Israel vir ewig bevestig, soos Ek jou vader Dawid beloof het deur te sê: Daar sal vir jou nooit 'n man ontbreek op die troon van Israel nie.

Messias sal Hom in die tempel aan die mense bekendmaak, en dan sal die ryk van vrede aanbreek.⁷⁸

Die priester Sagaria profeteer en tree op in dieselfde tyd as Haggai. God verskyn in verskeie gesigte aan hom en maak hom bekend wat met die Jode en ander volke gaan gebeur. Hy verkondig ook dat die werk aan die tempel voltooi moet word, nie deur krag of deur geweld nie, maar deur die Gees van die Here wat by hulle is. Hy verkondig die koms van die Messias, sy gewelddadige dood, en van die koms van die Trooster wat God sal stuur in die Persoon van die Heilige Gees.⁷⁹

Die tempel word voltooi

Die Samaritane kla die Jode weer aan by Tattenai, die Persiese goewerneur, wat self kom kyk wat hulle doen. Serubbabel sê hom dat koning Kores toestemming aan hulle gegee het om die tempel te herbou. Tattenai gaan sê dit aan Darius, die nuwe koning van Persië. Hulle lees die geskrifte van Kores en sien hoe hy die ballinge verlof gegee het om terug te keer na Juda en uitdruklik bepaal dat hulle die tempel moet herbou.

Darius gee die goewerneur opdrag om die Jode toe te laat om voort te gaan met die werk en om hulle selfs finansiële te steun. Ongeveer 22 jaar nadat hulle teruggekeer het, is die tempel voltooi en heers daar groot vreugde. Daarna vier hulle Paasfees. Die terugkeer van die ballinge en die heropbou van Jerusalem en die tempel vind dus wel plaas deur middel van koninklike besluite, maar dit is die Here wat van die konings gebruik om sy wil uit te voer.⁸⁰

Meer Jode kom terug onder leiding van Esra

In die jaar 464 v.C. word Artasasta koning van Persië. Sewe jaar later vertrek Esra uit Babel na Jerusalem. Hy is 'n afstammeling van Aäron uit die hoëpriesterlike geslag, in die lyn van Eleasar. Esra is 'n skrifgeleerde en ken die wet van Moses baie goed. Hy doen moeite om die wet van Moses te ondersoek en leer die volk om die voorskrifte en bepalings van die wet te

78 Luk. 19: 47 En elke dag was Hy besig om in die tempel te leer; en die owerpriesters en die skrifgeleerdes en die vernaamstes van die volk het probeer om Hom om te bring;

79 Joh. 14: 16 En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid:

80 Spr. 21: 1 Die koning se hart is in die hand van die HERE soos waterstrome: Hy lei dit waarheen Hy wil.

onderhou. Hoewel Esra deur die koning gestuur word, wil hy self ook graag na Jerusalem teruggaan. Die koning gee hom alles wat hy vra. Hierin sien Esra die besondere leiding van die Here.

Esra se opdrag is om te sorg dat die tempeldiens in die huis van God goed verloop. Artasasta gee aan hom goud en silwer, waarmee hy offerdiere moet koop wat hy op die altaar in Jerusalem moet gaan offer. Die koning doen dit om daardeur God se guns te wen. Ongeveer 10 000 Jode, waaronder 'n aantal priesters, vertrek saam met Esra na Juda. Dit versterk die getalle van die Jode in Jerusalem aansienlik. Met reg word dit die tweede terugkeer in 458 v.C. genoem.

Hulle kom by Ahawa, een van die baie besproeiingskanale in Babilonië, bymekaar. Daar vas hulle, en bid vir 'n voorspoedige reis. Esra sê vir die koning dat God hulle sal bewaar, daarom wil hy nie perderuiters van die koning hê om hulle te beskerm nie. God verhoor hulle gebede en lei hulle veilig op hul weg. Ná 'n reis van vyf maande kom hulle in Jerusalem aan. Offers word gebring, onder andere twaalf bulle vir die hele Israel. Die koms van Esra in Jerusalem is van groot betekenis vir die erediens en die volkslewe.

Die hervormings van Esra

Met sy aankoms in Jerusalem sien Esra dat die volk afwyk van die wette van die Here. Baie van die Jode trou met Kanaänitiese vroue, terwyl God dit uitdruklik verbied het.⁸¹ Die gevaar bestaan dat die volk hulle deur die heidense vroue sal laat verlei om afgode te dien. Esra laat die owerstes, wat self ook hieraan skuldig is, nou eerlik met die saak vorendag kom. Toe Esra dit hoor, skeur hy sy klere om vir hulle te wys hoe hartseer hy oor hul optrede is. Hy bely sy volk se sonde voor die Here, en die volk begin ook huil toe hulle besef hoe groot hul sonde is.

Die volk kom gedurende die winter in Jerusalem bymekaar om te hoor wat die besluit van Esra is. Omdat hulle graag aan God gehoorsaam wil wees, besluit hulle om die vrouens uit ander lande en ook hul kinders na hul ouerhuse terug te stuur. Dit maak die Persiese koning kwaad aangesien baie van hulle Persiese vroue is. Ook ander volke maak beswaar.

81 Eks. 34: 15 en 16 Sluit tog nie 'n verbond met die inwoner van die land nie! As hulle agter hulle gode aan hoereer en aan hulle gode offer, sal hy jou uitnooi, en jy sal van sy offer eet; en jy sal van sy dogters neem vir jou seuns, en sy dogters sal agter hulle gode aan hoereer en jou seuns agter hulle gode aan laat hoereer.

As voorsorgmaatreël teen moontlike aanvalle dring Esra daarop aan dat hulle die stadsmuur moet herstel.

Die Samaritane vertel die Persiese koning hiervan en waarsku hom dat die Jode nie meer belastings sal betaal as hulle eers die mure herstel het nie. Die koning laat onmiddellik ondersoek instel na die geskiedenis van die Jode wat bewys dat die Samaritane se waarskuwings moontlik die waarheid kan wees. Daarom verbied hy verdere bouwerk aan die mure.

Nehemia kom in Jerusalem

Nehemia is die skinker van koning Artasasta van Persië. Dertien jaar nadat Esra na Jerusalem vertrek het, kom daar 'n Jood uit Juda in Persië aan. Hy vertel aan Nehemia dat die koning van Persië die Jode in Juda verbied het om Jerusalem se mure weer op te bou en dat hulle baie las het van die vyandige Samaritane en Arabiere. Sodra hulle begin om die mure op te bou, gooi hul vyande dit weer om. Nehemia is baie hartseer toe hy dit hoor. Daarom vas hy en bid tot die Here vir sy volk.

Eendag sien die koning dat Nehemia baie neerslagtig is. Hy vra hom wat hom so bedruk maak en Nehemia vertel hom wat hy gehoor het. Hy versoek die koning om hom terug te stuur na Juda sodat hy die stad weer kan opbou. Die koning gee hom dadelik toestemming om te gaan en stel hom aan as goewerneur oor die Jode. Die koning gee hom ook toestemming om die mure van Jerusalem op te bou. So gebeur dit dat Nehemia, vergesel van 'n afdeling ruiters van die koning, in Jerusalem aankom, waar Hy twaalf jaar bly.

Die werk aan Jerusalem se mure begin

In Jerusalem ondersoek Nehemia eers in die geheim die stad se mure. Hy doen dit in die nag, want hy wil nie dadelik die aandag van die vyande van die Jode trek nie. Die volgende môre roep hy die oudstes van die volk bymekaar en vertel hulle dat die koning hom as goewerneur na Juda gestuur het, met die opdrag om die stad se mure weer op te bou.

Hulle besluit om dadelik met die werk te begin, maar toe daag Sanballat, die goewerneur van Samaria, Tobia, die goewerneur van die Ammoniete en Gesem, die Arabier daar op. Hulle beskuldig die Jode daarvan dat hulle beplan om teen die koning van Persië in opstand te kom. Nehemia antwoord hulle: "Die God van die hemel, Hy sal ons dit laat geluk." Die vyande spot

met hulle, maar Nehemia bid tot die Here om hulp en laat die mense net nog harder werk. Toe die vyande soldate stuur om die stad te omsingel, bid Nehemia tot die Here om beskerming. Hy stel wagte aan om die werk wat reeds afgehandel is, dag en nag te bewaak. Hy bewapen die volk van die stad en gaan voort met die werk deur die helfte van die manne te laat werk terwyl die ander helfte gewapend wag staan.

Jerusalem se mure word voltooi

Die arm Jode word swaar onderdruk deur die welvarende Jode. Nehemia is baie ontsteld hieroor en sê hulle aan om die armes hul skuld kwyt te skeld, hul eiendom aan hulle terug te gee en hul kinders wat hulle as slawe geneem het, vry te stel. Die wat dit nie doen nie, sal vervloek wees. Hierop probeer die vyande van Nehemia om hom in onguns by die Jode te bring. 'n Valse profeet probeer hom selfs oorreed om in die tempel skuiling te soek omdat Nehemia se lewe glo in gevaar sou wees. Omdat Nehemia nie 'n Leviet is nie, is die tempel vir hom verbode terrein en daarom weier hy. Hierin stel Nehemia self die voorbeeld vir die volk en hulle gehoorsaam hom.

Die vyande van die Jode maak nog meer listige planne om die voltooiing van die mure te verhinder, maar eindelijk ná 52 dae, is die mure voltooi en kan die volk feesvier. Die volk vier die Looftutfees en hou 'n dag van boetedoening en verootmoediging voor die Here.

Hervormingswerk van Esra en Nehemia

Esra en Nehemia stel weer die godsdienstige feeste en die wette van Moses in, want met die ballingskap het baie dinge vergete geraak. Die meeste van die Jode kan selfs nie eers meer Hebreeus praat nie, daarom moet die wette in Aramees vertaal word, sodat hulle dit kan verstaan. Dit is die taal wat hulle in ballingskap aangeleer het. Verder sien hulle toe dat die sabbat weer in ere herstel word. Hulle onderrig die volk uit die wet en stel wetgeleerdes aan. Nadat Nehemia saam met Esra die volk teruggelei het na die ou paaie, keer hy terug na die paleis van die Persiese koning.

Nehemia word goewerneur van die Jode

Ná 'n tyd keer Nehemia terug as die pas aangestelde goewerneur van Jerusalem. By sy aankoms in Jerusalem vind hy egter dat baie dinge skeefgeloop het en dat wanpraktyke floreer. Tiendes word nie meer betaal nie en daarom moet die Leviete gaan werk om aan die lewe te bly. Die sabbat

word onheilig, handelstransaksies word in die tempel gesluit en Jode trou weer met heidense vroue. Dit is dus sy moeilike taak om van voor af met hervormingswerk te begin

Meedoënloos roei hy die misbruike uit. Eljasib, die priester, verontreinig die kamers van die tempel deur die Ammoniet Tobia daarin te laat woon. Nehemia jaag Tobia weg en gooi sy goed by die deur uit. Daarna reinig hy die kamers. Die priesters en die Leviete herstel hy in hul amp en verder maak hy seker dat hulle versorg word. Hy maak ook seker dat hulle die sabbat onderhou en trek te velde teen die vermenging met vreemde vroue.

Maleagi

Terwyl Nehemia terug is in Persië, tree Maleagi as profeet in Jerusalem op. Hy is die laaste profeet in die Ou Testament. Hy stry teen dieselfde sondes as waarteen Esra en Nehemia gestry het. Hy vermaan die volk om gehoorsaam te wees, want die dag is naby waarop God sy vyande sal oordeel. Hy sluit sy boek af met die profesie oor Johannes die Doper wat sal optree as die voorloper van Christus.⁸²

Aanbevole leesstukke

BOOYENS, M.J. 2007. Laat my lammers wei. Gereformeerde Kerk Pretoria: Orkney. 105 - 108 p.

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgesiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Oude Testament. Kampen: J.H.Kok. 625 - 634 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 433 - 440 p.

KROEZE, J.H. 2008. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Ou Testament. Pretoria: DBU. 512 - 520 p. en 532 - 541 p.

82 Matt. 11: 13 - 15 Want al die profete en die wet het tot op Johannes geprofeteer. En as julle dit wil aanneem: hy is Elia wat sou kom. Wie ore het om te hoor, laat hom hoor.